Laerskool Bloemfontein

Kom ons leef 'n positiewe lewe

Webblad: lsbfn.com Besoek ons op facebook: Laerskool Bloemfontein

NUUSBRIEF 5 **2012/02/16**

Uit die kantoor

Vandag deel ek graag met julle my gunsteling slaaptydstorie. Die Wemmels is klein houtmensies. Hulle is almal uit hout gesny deur Eli. Nie een van die Wemmels lyk dieselfde nie. Hierdie een het 'n groot neus, daardie een het groot ore. Party is lank en ander is kort. Hulle is almal deur dieselfde houtsnyer gemaak en hulle almal bly in dieselfde dorpie. Elke dag doen die Wemmels dieselfde ding, hulle gee vir mekaar plakkers. Hulle het ster-plakkers en kol-plakkers. Die mooi Wemmels met die gladde hout kry altyd sterre, die Wemmels met die growwe hout kry kolle. Pinkenolsie is een van die Wemmels. Hy probeer om so hoog soos die ander te spring, maar hy val elke keer. Sodra hy val, staan die ander nader om kolle te plak. Wanneer hy wil verduidelik hoekom hy geval het, sê hy iets doms en dan kry hy nog kolle. Pinkenolsie het nou al so baie kolle dat hy nie eers meer buitentoe wil gaan nie. Hy is bang hy doen weer iets verkeerd! Om die waarheid te sê, hy het nou al soveel kolle dat mense sommer sonder rede nog kolle op hom plak. Almal dink hy verdien al die kolle. Pinkenolsie begin hulle glo. "Ek is 'n slegte Wemmel", sê hy. Die paar keer wat hy dit waag om buitentoe te gaan, staan hy maar by die ander Wemmels wat ook baie kolle het. By hulle voel hy darem beter. Op 'n dag ontmoet Pinkenolsie 'n Wemmel wat anders is as al die ander. Sy het nie een enkele kol op haar nie. Haar naam is Lolla. Dis nie dat mense nie probeer om vir Lolla plakkers te gee nie, die plakkers wil net nie aan haar vasplak nie. Dit is hoe ek wil wees, dink Pinkenolsie. Ek wil nie iemand anders se merke hê nie. Daarom vra hy vir Lolla hoe sy dit regkry. "Dit is maklik," sê Lolla. "Ek gaan kuier elke dag by Eli." "Maar sal hy my, wat Pinkenolsie is, wil sien?" Pinkenolsie loop al met die smal paadjie na Eli se werksplek. Daar rek sy houtogies so groot toe hy sien wat daar alles is. Hy besluit dat die plek nie vir hom is nie, maar dan hoor hy sy naam. Pinkenolsie draai stadig om en kyk na die groot man. Eli buk af, tel vir Pinkenolsie op en sit hom op die werkstafel neer. "Hmm," sê die skepper ingedagte terwyl hy na die grys kolle kyk. "Dit lyk of jy 'n paar lelike merke gekry het." "Dit was nie aspris nie, Eli. Ek het regtig hard probeer." "O, jy hoef nie sleg te voel nie, my kind. Ek gee nie om wat die ander Wemmels dink nie." "Regtig?" "Ja, en dit behoort jou ook nie te pla nie. Hoe kan hulle vir iemand sterre en kolle gee? Hulle is dan Wemmels net soos jy. Dit maak nie saak wat hulle dink nie. Al wat saak maak, is wat ék dink. En ek dink jy is spesiaal." Pinkenolsie lag. "Ek, spesiaal? Hoekom? Ek kan nie vinnig loop nie. Ek kan nie doen wat ander doen nie. Hoekom gee jy om vir my?" Eli kyk na Pinkenolsie, sit sy hande op die klein skouertjies en sê baie stadig: "Want jy is myne. Dit is hoekom ek vir jou omgee." "Onthou, sê Eli terwyl die Wemmel by die deur uitstap, "jy is spesiaal omdat ék jou gemaak het. En ek maak nie foute nie" Pinkenolsie hou aan met loop, maar in sy hart dink hy: Ek dink hy bedoel dit regtig. En op daardie oomblik val 'n kol grond toe. Ek wil graag hê dat elkeen van ons sal onthou dat elke mens, elke kind vir God spesiaal is en dat God nie gemors maak nie. Kom ons werk hard om al die kolle te verloor en hulle met sterre vir Jesus te vervang!

MEDIA: Besoek die **webblad** by **lsbfn.com**.

Daar is **advertensieruimte** op die skool se webblad beskikbaar teen R100 per maand, of R1 100 per jaar met een maand gratis. Die advertensie se grootte is soos 'n besigheidskaartjie. Die advertensie verskyn op die tuisblad en is duidelik sigbaar vir enige iemand wat die skool se webblad besoek. Vir verdere inligting kontak gerus vir Gerda Viljoen.

Voortrekkers: Dit is Dinsdae-middae tussen 14:00 en 15:00. Ouers wat betrokke wil raak kan Me. Gerda Viljoen kontak. Ledegeld **is R350 per Voortrekker per jaar en is betaalbaar by Juf. Gerda voor die einde van Maart.**

Rekenaarklasse: Die rekenaarklasse vind plaas in die Hoërskool se rekenaarlokaal. Koste beloop R30 per kind per kwartaal en is betaalbaar by Juf. Gerna Botha. Die klasse is Woensdae vanaf 14:00 tot 14:45. Eie vervoer moet asseblief gereël word.

Ma's en Pa's wat Omgee

Dankie aan die ouers wat reageer het op die uitnodiging om vir die skool en ons leerders te bid. Persone wat nog belangstel kan Mev. Klopper kontak (051-4368007) Ouers en kinders met spesiale gebedsversoeke kan die versoeke in die posbussie, in die voorportaal plaas.
Die gebedstyd is Vrydae 7:00 tot 7:30.

Krieket

Ons 0/9 A-span het hulle wedstryd teen Kruitberg A gewen met 36 lopies. Bakgat manne!
Die 0/11 A wen teen Zastron met 7 paaltjies. Beste bouler is Raybon du Pont en beste kolwer is JF Roelofse.

Tennis: Gedurende die vakansie het HJ de Lange en Stefmari Steyn aan die Kloppers Toernooi deelgeneem. HJ eindig 4 de en Stefmari 24 ste. Baie geluk!

HJ de Lange het aan die SV-tennisproewe deelgeneem. Hy is nou no. 2 op die Suid-Vrystaat ranglys. Mooi so HJ!

Netbal

Elke netbaldogter moet asb. 'n afskrif van hulle geboortesertifikaat /ID-dokument
saam met 'n ID foto by hulle verskeie afrigters inhandig voor of op 24 Februarie 2012.

Ouerkomitee

Baie dankie aan al die ouers wat reageer het, om deel van ons ouerkomitee te word. Dit was lekker om 'n vol personeelkamer met ouers te hê. Die dagbestuur van die ouerkomitee lyk as volg: Voorsitter: Madaleen Steyn
Onder Voorsitter: Susan Kramer
Sekretaresse: Heila du Toit
Finansies: Deon Rheeder

LAPA Boeke

Op 16 en 17 Februarie hou Lapa Boeke 'n boekuitstalling by die skool. Die boeke kos tussen R30 en R120.

Kennisgewings

Donderdag, 16 Februarie
Lapa Boeke - boekuitstalling
Skaak
0/13B Krieket @ Roseview A tuis

Saterdag, 18 Februarie
Fichardtpark Atletiek by Stadion
8:00 – 14:00.

Maandag, 20 Februarie
0/9A Krieket @ Brandfort A weg

Dinsdag, 21 Februarie
Voortrekkers

Woensdag, 22 Februarie
VCSV
0/11A Krieket @ Sand du Plessis weg.
0/11B Krieket @ Credence A tuis

23 Februarie
0/13A Krieket @ OR A weg.
0/13B Krieket @ Brandfort weg.

ALGEMEEN GESOEK!!!!

Enige bakstene en bousand wat u nie gebruik en wat net in die pad lê. Ons nuwe faktotum, oom Johannes, sê hy het baie werk vir daardie stene en sand. As u gras en plante uithaal wat u nie gaan gebruik nie, laat weet asb. die skool, ons wil graag ons tuine opgradeer.

Grapkas:

Hoe lyk 'n blondine se voordeur? 'n Glasdeur met 'n loergaatjie.

Leerderraad se gedagte

Gee 'n man wat jy hom skuld voordat hy dit vra, en jou raad nadat hy dit gevra het.

Albany brood

Baie dankie aan almal wat gereeld Albany sakkies skool toe stuur. Ons het besluit dat ons nou al sakkies bymekaar gaan maak vir die kompetisie. Stuur asseblief julle broodsakkies skool toe ons wil aan 'n kompetisie deelneem waar die skool tot R50 000 kan wen.

TOETSREEKS

Maandag	**20 Februarie**	**WISK**
Dinsdag	**21 Februarie**	**NW**
Woensdag	**22 Februarie**	**EBW**
Donderdag	**23 Februarie**	**SW**
Vrydag	**24 Februarie**	**TEG**
Maandag	**27 Februarie**	**AFR**
Dinsdag	**28 Februarie**	**ENG**
Woensdag	**29 Februarie**	**LO**

MIGHTY MEN
ANGUS BUCHAN

25-26 FEBRUARIE 2012
Grey se swembad

Besprekings vanaf 20 Febr. By die skool se tweedehandse klerewinkel

Sessie 1
25 Februarie
9:00 – 11:00

Sessie 2
25 Februarie 2012
14:30 – 15:30 CREARE

Sessie 3
25 Februarie 2012
18:00 – 20:00 JOHNNY LOUW

Sessie 4
26 Februarie 2012
9:00 – 11:00 GESINSDIENS
DAMES WELKOM!!!!

Koste
R 40 per persoon vir die hele naweek!!!

ANSA BESTBIER

KINDERTERAPEUT
082 473 1280

Die volgende vaardighede van jou kind kan verbeter:

- Hantering van: boelies
  woede
  egskeiding
  vrese
  nagmerries
  die dood
  konflik
- Emosionele intelligensie

Brillstr 9
Westdene

AUTO PARTS CENTER

REPLACEMENT AUTO BODY PARTS FOR ALL VEHICLES
26 McGregor Street
East End
Bloemfontein
Tel: (051) 448 4481
Fax: (051) 448 4482
E-mail: autoparts@lantic.net

BOSS
CAR SOUND
Tel: 051 4480442
Or visit us @ 4B Monument Road, Oranjesig

- **Car Radio's**
- **Speakers**
- **Subs**
- **Amps**
- **Customised Sound**
- **Central Locking Systems**
- **Alarm Systems**
- **Tracker Tracking Devices**

(Sales & Installations)

For the one and only BOSS in CAR SOUND